Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2022-05-18

Geagte Ouer/Voog

SPESIALE OMSENDBRIEF - EKSAMEN

EKSAMENROOSTER (GR 4 – 7) - MNR DENNER

DATUM	VAK	GR
Maandag, 30 Mei	SW (Geografie)	4 -7
Dinsdag, 31 Mei	Tegnologie	7
Woensdag, 1 Junie	Engels	4 - 7
Donderdag, 2 Junie	Lewensvaardigheid Lewensoriëntering	4 - 6 7
Vrydag, 3 Junie	SW (Geskiedenis)	4 - 7
Maandag, 6 Junie	Afrikaans	4 - 7
Dinsdag, 7 Junie	Kuns en Kultuur	7
Woensdag, 8 Junie	Wiskunde	4 - 7
Donderdag, 9 Junie	EBW	7
Vrydag, 10 Junie	NW en Teg NW	4 - 6 7

BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE EKSAMEN

1. Tydens die eksamen sal daar studietyd toegelaat word, voordat die vraestel geskryf word.

2. Slegs leerlinge wie se ouers toestemming verleen kan hulle kinders vanaf 11:45/12:00 kom afhaal. (Graad 1 tot 7) Hierdie reëling sal geld vanaf Maandag, 30 Mei tot en met Vrydag, 10 Junie 2022. **Geen leerling wat nie die toestemmingsbrief inhandig sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat voor 13:30 nie**.

3. Alle leerlinge wat nie om 11:45/12:00 huis toe gaan nie sal in 'n toesigklas geplaas word in elke graad tot 13:30.

4. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die eksamen teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser**.

5. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien die werk meer is en dit 'n **amptelike eksamen** is.

6. Verdaging van leerlinge in die middae tydens die eksamen is as volg:
   Gr 1, 6 en 7 verdaag 11:45
   Gr 2,3,4,5 en LSEN verdaag 12:00

WENKE VIR DIE EKSAMEN

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die toetsreeks!

Elsiegroete

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Eksamenreeks

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____ in Gr ____ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 30 Mei tot Vrydag, 10 Junie 2022 om 11:45 (Gr 1,6 en 7) / 12:00 (Gr 2,3,4,5 en LSEN) huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreëls) tydens die komende eksamenreeks.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer